**NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU IN DIE RAADSAAL, MALMESBURY OP DONDERDAG, 21 NOVEMBER 2024 OM 15:00**

---

**TEENWOORDIG:**

Uitvoerende Burgemeester, rdh J H Cleophas (voorsitter)
Uitvoerende Onderburgemeester, rdl J M de Beer

Lede van die Burgemeesterskomitee:
Rdl D G Bess
Rdl N Smit
Rdh T van Essen
Rdl A K Warnick

Beamptes:
Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr T Möller
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Bestuurder: Sekreatriaat en Rekordsdienste, me N Brand

**1. OPENING**

Die voorsitter verwelkom lede en versoek rdl J M de Beer om die vergadering met gebed te open.

**2. VERLOF TOT AFWESIGHEID**

Geen verskonings is ontvang nie.

**3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/SPREEKBEURTE**

Geen.

**4. NOTULES**

**4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-VERGADERING GEHOU OP 15 OKTOBER 2024**

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl N Smit)

Dat die notule van 'n Gewone Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 15 Oktober 2024 goedgekeur en deur die Uitvoerende Burgemeester onderteken word.

**5. OORWEGING VAN AANBEVELING UIT DIE NOTULES**

**5.1 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 13 NOVEMBER 2024**

**5.1.1 MUNISIPALE BESTUUR, ADMINISTRASIE EN FINANSIES**

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl J M de Beer, gesekondeer deur rdl D G Bess)

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

### 5.1.2 SIVIELE EN ELEKTRIESE DIENSTE

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl J M de Beer, gesekondeer deur rdl D G Bess)

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

### 5.1.3 ONTWIKKELINGSDIENSTE

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl J M de Beer, gesekondeer deur rdl D G Bess)

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

### 5.1.4 BESKERMINGDIENSTE

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl J M de Beer, gesekondeer deur rdl D G Bess)

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

## 6. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

### 6.1 NOTULE VAN ‘N UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU OP 15 OKTOBER 2024

### 6.1.1 ITEM 7.7: SWARTLAND TOERISME: AANSOEK VIR DIE OPRIGTING VAN ‘N BUITELUG GIMNASIUM OP ‘N GEDEELTE VAN ERF 495, YZERFONTEIN (15/3/3-14)

‘n Aansoek deur Swartland Toerisme vir die aanbring van ‘n buitelug gimnasium op ‘n gedeelte van Erf 495, Yzerfontein het op 15 Oktober 2024 voor die Uitvoerende Burgemeesterskomitee gedien.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl D G Bess)

(a) Dat kennis geneem word van die terreininspeksie wat plaasgevind het op Vrydag, 25 Oktober 2024;

(b) Dat die in beginsel goedkeuring vir die oprigting van ‘n buitelug gimnasium op ‘n gedeelte van Erf 495, Yzerfontein bekragtig word.

## 7. NUWE SAKE

### 7.1 KONSIDERASIE BETAALBAAR AAN GRONDEIENAARS VIR KRAGLYN SERWITUUT (16/2/4/1/3)

Die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste gee terugvoering aangaande die konstruksie van die 132/11 kV Substasie by De Hoop en bevestig dat die Munisipaliteit se gedeelte van die projek teen Junie 2024 voltooi sal wees.

Die Munisipaliteit hanteer egter ook die konstruksie van die 132 kV-lyn en -skakelstasie namens Eskom by wyse van Eskom se Selfbouproses. Hierdie proses word deur kliënte van Eskom gevolg, aangesien projekte oor ‘n korter tydperk en teen laer kostes as Eskom gedoen kan word. Dit behels ook dat die Munisipaliteit verantwoordelik is vir die onderhandelinge en registrasie van serwitute oor privaat eiendom.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdh T van Essen)

(a) Dat die Uitvoerende Burgermeesterskomitee kennis neem van die proses wat gevolg is om “konsiderasie” te bepaal vir elk van die gedeeltes grond asook die finale waardes vir die onderskeie gedeeltes;

(b)/…

7.1/…

(b) Dat die Uitvoerende Burgermeesterskomitee kennis neem dat ‘n serwituut geregistreer gaan word oor munisipale grond vir ‘n gedeelte van die lyn (vanaf die N7 tot by die De Hoop Substasie) teen geen vergoeding aangesien die serwituut tot Swartland Munisipaliteit se voordeel is;

(c) Dat die Uitvoerende Burgermeesterskomitee kennis neem van die proses wat gevolg gaan word om die konsiderasie te betaal uit die INEP Grant-befondsing en dat daar dienooreenkomstig goedkeuring verleen word;

(d) Dat die Uitvoerende Burgermeesterskomitee goedkeuring verleen dat die Eskom Selfbou-vereistes nagekom word en instem dat, aan die einde van die projek, die Eskom gedeelte (132 kV lyn en 132 kV Skakelstasie) oorhandig gaan word aan Eskom (in terme was die selfbou-ooreenkoms) vir insluiting in die Eskom bateregister en dat Eskom verantwoordelik sal wees vir die bedryf en instandhouding van die gedeeltes van die bates.

**7.2 INHUUR VAN ADDISIONELE PARKERING BY DIE CHECKERS SENTRUM, MALMESBURY VANAF SKH INVESTMENTS LIMITED (12/1/2-8/5)**

Die Bate- en Vlootdepartement het aangedui dat daar ‘n behoefte vir twee addisionele parkeerplekke onder die Checkers-gebou is om voertuie van die Munisipaliteit te parkeer. Die parkeerplekke is noodsaaklik om die veiligheid van die munisipale voertuie oornag te verseker.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl D G Bess, gesekondeer deur rdl J M de Beer)

(a) Dat goedkeuring verleen word dat ‘n addendum tot die driejaar-ooreenkoms met SKH Investments Limited aangegaan word, ten einde die bestaande vyf parkeerplekke onder die Checkers-gebou tot sewe in totaal te vermeerder, ten bedrae soos volg:

- Jaar 1 (periode 1 Desember 2024 – 30 Junie 2025) R1 600.00 BTW uitgesluit
- Jaar 2 (periode 1 Julie 2025 – 30 Junie 2026) R1 696.00 BTW uitgesluit
- Jaar 3 (periode 1 Julie 2026 – 30 Junie 2027) R1 797.76 BTW uitgesluit

waaruit volg dat die totale maandelikse huurgelde (betaalbaar ten opsigte van die Pep-gebou en sewe parkeerplekke), soos volg sal beloop:

- Jaar 1 (periode 1 Desember 2024 – 30 Junie 2025) R72 589.04 BTW uitgesluit (tans R70 989,04 per maand)
- Jaar 2 (periode 1 Julie 2025 – 30 Junie 2026) R76 234.49 excl VAT (tans R76 234.49 per maand)
- Jaar 3 (periode 1 Julie 2026 – 30 Junie 2027) R80 063.18 BTW uitgesluit (tans R78 265.42 per maand)

(b) Dat daar in die toepaslike bedryfsposte voorsiening gemaak sal word vir die huurgeld betaalbaar soos voormeld.

**7.3 KANSELLASIE VAN VERHURING EN VOORGESTELDE VERHURING VAN ‘N HANDELSPASIE GELEë OP ERF 7516, JAKARANDASTRAAT, MALMESBURY (VRAGSKEEPHOUER NR. 1) BY WYSE VAN ‘N VERSOEK VIR VOORSTELLE (12/1/3/1-1/1)**

Die Munisipaliteit bedryf ‘n Entrepreneursnode vanaf Erf 7516, Jakarandastraat, Malmesbury nadat daar in 2023 goedkeuring verleen is vir die verhuring van vier vragskeepshouers vir klein besighede vir ‘n huurtermyn eindigend 31 Maart 2025.

Die persoon wat die klerewinkel bedryf het kennis gegee teen 31 Oktober 2024. Dit is noodsaaklik dat die vragskeephouer by wyse van versoek tot voorstelle so spoedig moontlik verhuur word om vandalisme te voorkom.

Besluit/...

7.3/...

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl J M de Beer, gesekondeer deur rdl N Smit)

(a) Dat kennis geneem word van die beëindiging van die huur wat op 31 Maart 2025 verstryk met betrekking tot Me J Meyer wat 'n klerewinkel vanaf Erf 7516, Malmesbury bedryf het, wat op 31 Oktober 2024 in werking tree;

(b) Dat, in terme van Regulasie 34 van Munisipale Bate Oordrag Regulasie, saamgelees met die Munisipale Bate Oordrag Beleid (2014), goedkeuring verleen word vir die voorgestelde verhuring van die vakante vragskeepshouer (nr. 1), by die handelspasie, geleë op Erf 7516, Jakarandastraat, Malmesbury by wyse van 'n versoek vir voorstelle proses, onderworpe aan die standaard huurvoorwaardes asook die volgende verdere voorwaardes:

   (i) Dat die versoek vir voorstelle in die pers geadverteer word, waarin alle belangstellende entrepreneurs die geleentheid gebied word om voorstelle in te dien vir besigheidsdoeleindes;

   (ii) Dat die voorstelle in samewerking met die munisipale Gemeenskapsontwikkeling Departement geëvalueer word, waarna 'n verslag rakende die allokasie van die voorge-stelde verhuring vir finale goedkeuring aan die burgemeesterskomitee voorgelê sal word vir oorweging;

   (iii) Dat die verhuring vir 'n tydperk van twee jaar sal duur;

   (iv) Dat die suksesvolle applikant verantwoordelik sal wees vir die betaling van 'n maandelikse huurbedrag van R100.00 (BTW uitgesluit), asook die betaling van diensteverbruik;

(c) Dat, weens die feit dat die voorgestelde transaksie deel uitmaak van die munisipale strategiese doelwitte om ekonomiese transformasie aan te moedig, die verhuring van die vragskeepshouer aan 'n suksesvolle applikant goedgekeur word vir die bedryf van 'n besigheid.

**7.4 VOORGESTELDE VERHURING VAN DIE TENNIS FASILITEIT GELEë OP 'N GEDEELTE VAN ERF 1528 DIEPRIVIER, MALMESBURY AAN DIE MALMESBURY TENNIS KLUB (17/9/2/2/2-8)**

Die Raad verhuur die Malmesbury tennisfasiliteite (by die Dieprivier-sportgronde) aan die Malmesbury Tennisklub. Die huurtermyn verstryk op 1 Desember 2024.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl J M de Beer, gesekondeer deur rdl A K Warnick)

(a) In terme van Regulasie 34 van Munisipale Bate Oordrag Regulasie, saamgelees word met die Munisipale Bate Oordrag Beleid (2014) goedkeuring verleen word vir die verhuring van die munisipale tennis fasiliteit, insluitend die klubhuis en vyf tennisbane, geleë op 'n gedeelte van Erf 1528 (Dieprivier Sportgronde), Voortrekkerweg, aan die Malmesbury Tennisklub, onderworpe aan die standaard voorwaardes asook die volgende voorwaardes:

   (i) Dat die verhuring vir 'n tydperk van drie jaar sal duur vanaf 01 Desember 2024 tot 30 Junie 2027;

   (ii) Dat huurgeld ten bedrae van R120.00 per jaar, BTW uitgesluit ten opsigte van jaar 1 verhaal word, onderhewig aan eskalasie bereken op die Verbruikersprysindeks (VPI) vanaf jaar 2;

   (iii) Dat die huurder verantwoordelik gaan wees vir betaling van diensteverbruik;

   (iv) Dat geringe en interne instandhoudingswerk van die fasiliteit deur en op koste van die huurder onderneem word;

   (v) Dat die groter instandhoudings- en opgraderingswerk deur en op koste van die Munisipaliteit onderneem word;

(b) Dat kennis geneem word ingevolge paragrawe 13.1.1 en 13.1.3 van die Bate Oordrag Beleid, dat die Malmesbury Tennisklub die tennis fasiliteit gehuur en al hul verpligtinge nagekom het, en dat die voorgestelde verhuring ook die behoefte van die gemeenskap vervul deurdat die fasiliteit nie net vir ontspanning gebruik word nie, maar ook vir liga wedstryde en toernooie.

**7.5 VOORGESTELDE HERNUWING VAN VERHURING VAN 'N GEDEELTE VAN DIE YZERFONTEIN GEMEENSKAPSAAL GELEë OP ERF 208, OUTER ROAD/BUITEKANTSTRAAT AAN DIE WES-KAAPSE REGERING: DEPARTEMENT VAN GESONDHEID EN WELSTAND VIR DIE DOELEINDES OM 'N KLINIEK TE BEDRYF (17/9/2/R)**

'n Gedeelte van die Yzerfontein Gemeenskapsaal word deur die Departement van Gesondheid en Welstand gebruik as 'n kliniek om gesondheidsdienste aan die gemeenskap van Yzerfontein te voorsien.

Die betrokke departement het aangedui dat 'n onafhanklike waardeerder aangestel sal word om die maandelikse huurgeld te evalueer. Indien daar afgewyk word van die voorgestelde huur van R1 356.24 (BTW uitgesluit) per jaar, sal daar 'n verdere verslag voorgelê word na aanleiding van die waardasie wat verkry is vanaf die onafhanklike waardeerder.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl J M de Beer)

(a) Dat, in terme van Regulasie 34 van Munisipale Bate Oordrag Regulasie, saamgelees met die Munisipale Bate Oordrag Beleid (2014), goedkeuring verleen word vir die verhuring van 'n gedeelte van die Yzerfontein Gemeenskapsaal, geleë op Erf 208 Yzerfontein, Outer Weg en Buitekantstraat, ongeveer 21m² groot, aan die Wes-Kaapse Regering: Departement van Gesondheid en Welstand, onderworpe aan die standaard huurvoorwaardes asook die volgende verdere voorwaardes:

  (i) Dat die huurtermyn vir 'n tydperk van drie jaar vanaf 01 Maart 2025 tot 28 Februarie 2028 sal duur;

  (ii) Dat 'n maandelikse huur van R1 356.24 (BTW uitgesluit) en 5.5% eskalasie per jaar betaalbaar sal wees;

  (iii) Dat 'n verdere verslag aan die Raad voorgelê word na aanleiding van die waardasie wat verkry gaan word deur 'n onafhanklike waardeerder aangestel deur en op koste van die Wes-Kaapse Regering: Departement van Gesondheid en Welstand in terme van die maandelikse huurbedrag;

  (iv) Dat die eiendom slegs aangewend word as 'n kliniek en vir geen ander doel nie; en

  (v) Dat daar aan alle administratiewe, tegniese en regsvereistes voldoen word.

(b) Dat, weens die feit dat die huurder 'n staatsinstansie is, die hernuwing van die huur ondersteun word en deur die verhuring help die Munisipaliteit die instansie om volgehoue gesondheidsdienste te voorsien aan die gemeenskap van Yzerfontein.

**7.6 UITSTAANDE DEBITEURE: OKTOBER 2024 (5/7/1/1)**

'n Volledige verslag van die stand van uitstaande debiteure is met die sakelys gesirkuleer.

**BESLUIT**

Dat kennis geneem word van die verslag aangaande die stand van Swartland Munisipaliteit se uitstaande debiteure vir Oktober 2024.

**7.7 VORDERING MET UITSTAANDE VERSEKERINGSEISE (5/14/3/5)**

Ingevolge die Batebestuursbeleid moet maandeliks verslag gedoen word insake die uitstaande versekeringseise.

7.7/...

**BESLUIT**

Dat kennis geneem word van die stand van uitstaande versekeringseise tot en met 31 Oktober 2024 soos met die sakelys gesirkuleer.

**7.8 VERKOOP VAN UITGEDIENDE BATES PER OPENBARE VEILING (6/1/3)**

Die Batebestuursbeleid reguleer die beskikking van bates deur te verseker dat dit regverdig, billik, deursigtig, mededingend en koste-effektief geskied en dat daar voldoen word aan die Voorsieningskanaalbestuursbeleid van die Munisipaliteit.

Die kriteria vir wegdoening van bates behels die volgende:
- Die bruikbare leeftyd van die bate het verstryk;
- Die bate is verouderd;
- Dit is onekonomies om die bate te herstel of dit is onherstelbaar.

Die lyste van uitgediende bates van die onderskeie direktorate is met die sakelys gesirkuleer.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl D G Bess)

Dat die Uitvoerende Burgermeesterkomitee die bygaande lyste ten opsigte van elke Direktoraat goedkeur vir die verkoop van Uitgediende Bates per openbare veiling en afskrywing vanaf die bate register.

**7.9 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKYRINGPROSEDURES: DRINGENDE HERSTELWERK AAN DOMPELPOMP BY DIE ROSENBURG POMPSTASIE IN MALMESBURY (8/1/B/2)**

Die Rosenburg rioolpompstasie geleë by die Malmesbury WWTW versamel en vervoer rou riool vanaf die Wesbank na die Malmesbury WWTW. Die pompstasie is toegerus met twee pompstelle. Een van die pompe het meganiese gefaal wat gelei het tot die gereelde oorloop van rou riool by die pompstasie.

**BESLUIT**

(a) Dat kennis geneem word van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge paragraaf 36 van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid;

(b) Dat kennis geneem word van die aksie van die Munisipale Bestuurder om goedkeuring te verleen vir die herstel van die dompelpomp by the Rosenburg Pompstasie in Malmesbury deur CAW ten bedrae van R65 730.00 (BTW uitgesluit)

(c) Dat die redes vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsproses soos volg aangeteken word:
   (i) Die dompelpomp sou vir ‘n geruimte tyd buite werking gelaat word indien die normale verkrygingsproses gevolg is;
   (ii) Voormelde sou aanleiding gee tot oorstromings by die pompstasie en ‘n onderbreking in die lewering van riooldienste;
   (iii) Die herstel van die dompelpomp is dus as ‘n noodgeval hanteer;

(d) Dat die uitgawe van R65 730.00 (BTW uitgesluit) teen posnommer: 9/240-849-381 verreken word en dat daar voldoende fondse beskikbaar is;

(e) Dat die Senior Bestuurder: Finansiële State en Batebestuur in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

**7.10 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: DRINGENDE HERSTELWERK VAN DOMPELPOMP BY DIE RIEBEEK-WES RIOOLPOMPSTASIE (8/1/B/2)**

Die rioolpompstasie in Riebeek-Wes versamel en vervoer rou riool vanaf Riebeek-Wes na die Riebeek Kasteel WWTW. Die pompstasie is toegerus met twee pompstelle. Een van die pompe het meganiese gefaal wat gelei het tot die gereelde oorloop van rou riool by die pompstasie.

7.10/...

**BESLUIT**

(a) Dat kennis geneem word van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge paragraaf 36 van die Voorsieningkanaalbestuurbeleid;

(b) Dat kennis geneem word van die aksie van die Munispale Bestuurder om goedkeuring te verleen vir die herstelwerk aan die dompelpomp by die Riebeek-Wes Rioolpompstasie ten bedrae van R35 060.00 (BTW uitgesluit) deur CAW;

(c) Dat die redes vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsproses soos volg aangeteken word:
  (i) Die dompelpomp sou vir ‘n geruimte tyd buite werking gelaat word indien die normale verkrygingsproses gevolg is;
  (ii) Voormelde sou aanleiding gee tot oorstromings by die pompstasie en ‘n onderbreking in die lewering van riooldienste;
  (iii) Die herstel van die dompelpomp is dus as ‘n noodgeval hanteer;

(d) Dat die uitgawe ten bedrae van R35 060.00 (BTW uitgesluit) teen posnommer 9/240-849-381 verreken word en dat daar voldoende fondse beskikbaar is;

(e) Dat die Senior Bestuurder: Finansiële State en Batebestuur in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

**7.11 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGPROSEDURES: DRINGENDE HERSTELWERK AAN DOMPELPOMP BY DIE INLAATWERKE VAN DIE RIEBEEK KASTEEL WWTW (8/1/B/2)**

Die inlaatwerke by 'n WWTW is 'n kritieke komponent in die rioolsuiweringsproses deurdat dit, onder andere, toegerus is met dompelpompe wat swaartekrag vloei na die res van die WWTW moontlik maak. Dit is dus noodsaaklik dat die inlaatwerke optimaal funksioneer om die vloei van riool na die suiweringsproses te verseker en dat riool nie terugstoot in die stelsel nie.

**BESLUIT**

(a) Dat kennis geneem word van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge paragraaf 36 van die Voorsieningkanaalbestuurbeleid;

(b) Dat kennis geneem word van die aksie van die Munispale Bestuurder om goedkeuring te verleen vir die herstelwerk aan die dompelpomp by die Inlaatwerke van die Riebeek Kasteel WWTW ten bedrae van R53 400.00 (BTW uitgesluit) deur CAW;

(c) Dat die redes vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsproses soos volg aangeteken word:
  (i) Die dompelpomp sou vir ‘n geruimte tyd buite werking gelaat word indien die normale verkrygingsproses gevolg is;
  (ii) Voormelde sou aanleiding gee tot ‘n onderbreking in die suiweringsproses, oorstromings by die inlaatwerke en ‘n onderbreking in die lewering van riooldienste;
  (iii) Die herstel van die dompelpomp is dus as ‘n noodgeval hanteer;

(d) Dat die uitgawe ten bedrae van R53 400.00 (BTW uitgesluit) teen posnommer 9/239-851-689 verreken word en dat daar voldoende fondse beskikbaar is;

(e) Dat die Senior Bestuurder: Finansiële State en Batebestuur in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

**7.12 AFWYKING VAN VOORGESKRWE VERKRYGINGPROSEDURES: HERSTELWERK AAN DROMSKERM BY DIE INLAATWERKE VAN DIE RIEBEEK KASTEEL WWTW (8/1/B/2)**

Die inlaatwerke by die Riebeek Kasteel WWTW is, onder andere, toegerus met ‘n dromskerm wat keer dat nie-afbreekbare items in die suiweringswerke beland wat skade kan aanrig aan die meganiese toerusting.

7.12/...

**BESLUIT**

(a) Dat kennis geneem word van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge paragraaf 36 van die Voorsieningkanaalbestuurbeleid;

(b) Dat kennis geneem word van die aksie van die Munispale Bestuurder om goedkeuring te verleen vir die herstelwerk van die dromskerm by die Inlaatwerke van die Riebeek Kasteel WWTW deur GW Trautmann ten bedrae van R64 494.95 (BTW uitgesluit);

(c) Dat die redes vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsproses soos volg aangeteken word:
   (i) Die dromskerm sou vir ‘n geruimte tyd buite werking gelaat word indien die normale verkrygingsproses gevolg is;
   (ii) Voormelde sou aanleiding gee tot die beskadiging van meganiese toerusting in die stelsel;
   (iii) Die herstel van die dromskerm is dus as ‘n noodgeval hanteer;

(d) Dat die uitgawe ten bedrae van R64 494.95 (BTW uitgesluit) teen posnommer 9/239-851-689 verreken word en dat daar voldoende fondse beskikbaar is;

(e) Dat die Senior Bestuurder: Finansiële State en Batebestuur in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

**7.13 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGPROSEDURES: DRINGENDE HERSTELWERK AAN KOMPAKTEERVRAGMOTOR, CK 37359 (8/1/B/2)**

Die kompakteervragmotor, CK 37359 word in Malmesbury en omliggende areas gebruik vir die lewering van ‘n vullisverwyderingsdiens.

**BESLUIT**

(a) Dat kennis geneem word van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge paragraaf 36 van die Voorsieningkanaalbestuurbeleid;

(b) Dat kennis geneem word van die aksie van die Munispale Bestuurder om goedkeuring te verleen vir die herstelwerk aan die *pocket boxes* en vervanging van die *lower and upper crusher plates* van die kompakteervragmotor, CK 37359 ten bedrae van R81 726.21 (BTW uitgesluit) deur Transtech;

(c) Dat verder kennis geneem word dat, in terme van paragraaf 2(6)(g) van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid, dit nie nodig is om ‘n formele tenderproses te volg nie, aangesien Transtech die ondersteuningsagent van die Heil-kompakteerder in die Wes-Kaap is;

(d) Dat die uitgawe ten bedrae van R81 726.21(BTW uitgesluit) teen posnommer 9/4-36-5 verreken word en dat daar voldoende fondse beskikbaar is;

(e) Dat die Senior Bestuurder: Finansiële State en Batebestuur in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

**7.14 AANSOEK OM VAKANSIEVERLOF DEUR MUNISIPALE BESTUURDER EN DIREKTEURE EN AANWYS VAN WAARNEMENDE MUNISIPALE BESTUURDER (4/8/3)**

Die aansoek om verlof deur die Munisipale Bestuurder moet aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee voorgelê word vir oorweging. Daar word ook van die geleentheid gebruik gemaak om ‘n waarnemende munisipale bestuurder aan te wys om volgehoue dienslewering en kommunikasie te verseker.

Besluit/...

7.14/...

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdh T van Essen)

(a) Dat die aansoek om verlof van die Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz, vir die volgende dae goedgekeur word, naamlik:

- 17 tot 31 Desember 2024 (8 dae).
- 1 tot 10 Januarie 2025 (7 dae).
- 24 tot 27 Maart 2025

(b) Dat daar kennis geneem word dat die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr T Möller, gedurende 17 tot 29 Desember 2024 sal waarneem as Munisipale Bestuurder;

(c) Dat kennis geneem word dat die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L Zikmann, gedurende 30 Desember 2024 tot 10 Januarie 2025 sal waarneem as Munisipale Bestuurder;

(d) Dat elke Direkteur, die waarnemende direkteure in hulle onderskeie direktorate sal aanwys, ten einde goeie kommunikasie en dienslewering te verseker.

**(GET) J H CLEOPHAS**
**UITVOERENDE BURGEMEESTER**